# „DAS IST FÜRWAHR EIN MENSCH GEWESEN"

Der edle Mensch
sei hilfreich und gut!
Unermüdet schaff' er
das Nützliche, Rechte,
Sei uns ein Vorbild
jener geahneten' Wesen!

So moet volgens die Duitse digter, Goethe, die edele mens wees . . . . altyd soekende na die nuttige en die korrekte in hierdie lewe om vir andere tot voorbeeld te dien. Op wie anders kan hierdie woorde meer van toepassing wees as op ons geëerde en alombeminde hoogleraar van wie hier nou enkele indrukke neergeskryf moet word?

Nog duidelik sien mens prof. Schulze as hy die klaskamer binnekom: statig, kalm, ernstig, skynbaar onvriendeliknors. Heel gou egter word die klaskamer gevul met daardie unieke humorsin, die gelyke waarvan nêrens te vind is nie. Dan kom mens dadelik agter dat jy hier maar met 'n mens te doen het . . 'n mens so vol eenvoud, menslikheid en diepte; met die soeke na die nuttige en die korrekte in hierdie lewe wat vir sy ondergeskiktes graag tot voorbeeld wil dien.

Watter ander mens sal hom dan so maklik vir homself vererg omdat hy hom

vir een of ander student vererg het? Daarom was daar baie selde onenigheid of uitbarstings in die klas hoewel daar (trou aan die wette van die opvoeding) nooit geaarsel is om op 'n baie kalme maar besliste wyse die trae student die regte koers aan te toon nie.

Onvergeetlik bly die tinteling en helder glans waarmee die ouer Duitse tale aangebied is! Nooit is die skoonheid hiervan direk genoem nie; dis oopgegrawe en ontdolwe en net die klatergoud aan die student getoon. Dit was die stukrag vir die drang tot verdere navorsing totdat die skoonheid van die letterkunde van eeue gelede in sy reinste en suiwerste vorm waargeneem kon word.

Die eenvoudige wyse waarop die verskillende strominge in die Duitse letterkunde aan die student verduidelik is, is enig. 'n Enkele pennestreep, een enkele aanhaling, en die hele letterkundige rigting lê ontsluit. Aansluitend daardie pragtige en sielvolle voordrag van 'n emosionele mens van die groot Duitse dramas en aangrypende gedigte. Voorwaar 'n genot om te beluister!

Mens soek tevergeefs na gedikteerde aantekeninge in die studie van die Duitse taal en lettere. Opgehoop lê egter die boeke vol selfgedane werk . . . . opstelle, toetse, referate ens. By baie staan geskryf: Goed! Andere sou minder goed en onoortuigend wees. Watter snaakse gevoel van teleurstelling as daardie nagesiene werk terugontvang word! Dan maar dadelik die foute herstel en verder werk, want prof. Schulze mag nie teleurgestel word nie.

Navolgenswaardig was altyd die doelgerigte uitlewing van 'n onwankelbare lewens- en wêreldbeskouing. Hier is dan die stempel wat deur 'n eerlike Calvinis op die student afgedruk is.

Dink mens nou aan die studentejare terug met prof. Schulze voor die klas, kan jy nie anders as om opreg te verklaar nie:

„Das ist fürwahr ein Mensch gewesen".

F. D. DU PLOOY.